## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 4 FEBRUARIE 2024

# VYFDE SONDAG NÁ EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Al die Brandbestryders***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**2 Konings 2:1-12; Psalm 50:1-6;**
**2 Korintiërs 4:3-6; Markus 9:2-9**

| SONDAG, 4 FEBRUARIE |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Radiokansel<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br><br>• **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 5 FEBRUARIE** |
| 19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 6 FEBRUARIE** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 7 FEBRUARIE** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Biduur<br>19:00 Erediens en aanbidding vergadering<br>19:00 Fondse vergadering |
| **DONDERDAG, 8 FEBRUARIE** |
| 18:00 Getuienis aksie vergadering<br><br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier, Kotie Jonas, Marietjie Basson |

| VRYDAG, 9 FEBRUARIE |
| --- |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 10 FEBRUARIE** |
| |
| **SONDAG, 11 FEBRUARIE** |
| SONDAG VAN VERHEERLIKING-FEESDIENS<br>BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS<br><br>09:00 Oggenddiens<br>JEUGDIENS<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Hugenote Kollege<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br><br>• **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Lettie Smit (Othello) het ‘n operasie ondergaan.
2. Annemarie Wolfaardt, skoondogter van Charles en Veronica Wolfaardt (Othello) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
3. Estelle Moore (Annandalestraat) se man, William, het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
4. Christelle Hurter dogter van Louis en Ina Hurter (Othello) het ‘n operasie ondergaan.
5. Joseph Dondolo (personeellid) het sy 50ste verjaarsdag Donderdag 1 Februarie gevier. Hy was ‘n jong man van 26jr toe hy by die kerk begin werk het.
6. Anna van Wyk (Bottelary) sterk steeds in die hospitaal aan na haar operasie.
7. Die lensvervanging wat ds Chris ondergaan het, was ‘n groot sukses.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons doen ‘n beroep op lidmate wat bemesting vir die kerk se tuine kan skenk. Kontak die kerkkantoor indien jy kan help.
2. Dinsdag 13 Februarie 2024 – Basaarvergadering om 19:00 in die saal. Alle konvenors moet asb bywoon.
3. Ds Chris is weer Dinsdag aan diens

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



04/02 Susan Potgieter, Jannie van Zyl, Andry du Toit
05/02 Pieter Gresse, Cleone Fourie, Magdeld Nel, Yolande Laing, Ava en Iza Roux
06/02 Bettie Pieterse(82), Corrie Fritz, Franja Bester, Suné Nel
07/02 Hennie van Zyl, Alana Jonas, Tiaan van Zyl, Kitty de Jager(88), Leandré Kotze, Kara de Wit
08/02 Abé Engelbrecht, Deon Herselman, Hannelie Viljoen, Ruhan Smuts, Rihan Swart
09/02 MC van Deventer(80), Christoff van Zyl
10/02 Johan Kotzé, Dupré Verster, Helene Booysen, Juvan Botha, Annatjie vd Merwe

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Radiokansel (Radio Kaapse Kansel)**

Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radio Kaapse Kansel kan op 729AM op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za
Laai die toep (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.
Mnr Kosie Burger 082 784 5779 | 021 917-7000 | kaap@radiokansel.co.za
Webwerf: https://radiokansel.co.za

# KOSMANDJIE

Lees gerus die artikel oor ons Kosmandjie in Die Akker van 26 Januarie 2024.

Die volledige spenslys is ook daar.

# KLERE EN VERE

GESOEK: stewige, skoon kartonbokse en enige plastiek kleresakke.

Indien jy weet van 'n geleentheid vir 'n paar pakkies na Nuwerus in Namakwaland. Kontak asseblief vir Alae by 0822166554.

Mooiste Nuwejaarswense
2 Vere

# VAKANTE POS BY SINODE

Die NG Kerk in Suid Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) stel hiermee 'n vakature bekend vir die voltydse pos van ***PSD: Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (SKDB)***, standplaas Bellville-kantoor.

Vir meer inligting besoek gerus hul webblad: www.kaapkerkadmin.co.za/poste of sien ook ons kennisgewingbord. Aansoekvorm is by ons kerkkantoor beskikbaar.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 5 Februarie 2024

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# SOPKOMBUIS

Ons is **dringend** op soek na nog lidmate wat kan help om sop te kook wat by die Sopkombuis aan die hawelose mense van Kuilsrivier bedien word.

Ons gemeente is elke Donderdag verantwoordelik vir die verskaffing van sop.

Persone wat sop kook kry een keer elke 2 maande 'n beurt.

## Dringend asb!!!!

Ons benodig dringend 'n sop-koördineerder in Othello vir Wbg Brackenfell 5.

Kontak die kerkkantoor of vir Miemmie Myburgh by 079 509 4133 as jy op hierdie manier 'n verskil wil maak in iemand se lewe.

# DE EIKE

# SE

# GEMEENTEBEDIENING

# BIED AAN

**PA EN KIND OORSLAAP**

16 Februarie 2024

Waar: Alta du Toit Gronde (Veilige Omgewing)

Wanneer: 16 Februarie 2024

Tyd: 17:00

RSVP: 13 Februarie 2024

Koste: R100 per gesin

Bring jou tent, kampeertoerustig en eie hout saam

Braaidromme word voorsien

**Kontak vir Deon Lambert - Sel: 083 943 3068**

**WÊRELDBIDDAG VIR MANNE**

**Tema**

**DIE WÊRELD HET PA'S NODIG**

2 Maart 2024

Waar: NGK Kuilsrivier-De Eike

Wanneer: 2 Maart 2024

Tyd: 09:00

Spreker: Eric Swanepoel

KOFFIE EN BESKUIT SAL BESKIKBAAR WEES

**Kontak vir ds. Chris -Sel: 082 822 6619**

# DIE GASVRYHEIDSBEDIENING

# PATEKA – ONS SORG

# PREEKSKETS

## TEMA – HERINNERING AAN GOD SE BELOFTES!



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Jesaja 62:1-12

- Dit gaan soms baie sleg met gelowiges.
    - Wat maak 'n mens in so 'n donker tyd?
    - Jesaja sê: *Ek sal nie stilbly nie*.
    - Ek hou aan herinner aan God se beloftes.
        - Myself, om mee te begin.
        - Maar ook *almal om my*.

1. **Dis nie altyd duidelik sigbaar nie…**
    - Ongelukkig vergeet ons die beloftes van die Here as dinge donker raak.
    - Dis dan wat iemand my moet herinner dat ek God se kind is.
    - Geloof is immers om God se beloftes vas te hou, al sien ek niks daarvan in my omstandighede nie.
    - Herinner jouself daaraan dat die Here jou lief het…

2. **Daarom moet ons mekaar bly herinner…**
    - Maar soms moet iemand anders jou daaraan herinner.
    - Dis mos eintlik wat 'n dominee doen!
    - Maar dis ook jóú roeping. Jy mag nie stilbly nie!
    - Ook jy is die wag op die muur, om almal te bly herinner.

3. **Maar ons moet ook vir God daaraan bly herinner…**
    - Maar ons moet ook *die Here self* aan sy eie beloftes herinner!
    - Nie omdat Hy dalk sal vergeet nie. Maar ter wille van jouself.
    - Jy moet sy beloftes regtig jou eie maak!
    - Jy is 'n wag op die mure. Jy durf nie stilbly nie...